# Welkom by NG The Reeds

## 'n Veilige hawe vir nuwe hoop

Hoe het ons hier gekom?



Kom ons gaan na die Here toe…
Kom ons wy ons aan Hom…
Die Here sal verskyn,
So seker as die son opkom,
Hy sal na ons toe kom soos stortreen.
Hy sal ons verkwik soos lentereen die grond verkwik
Hosea 6:1,3



Gemeente van die Here Jesus Christus:
Genade en vrede van dié God
wat Hom ontferm oor hulle sonder ontferming
wat vir hulle wat wees en weerloos is,
sê:
*"Jy is my volk"*
Hosea 2:22

# Lied 200: 1

U goedheid, Heer, kan ons nie peil nie -
wie word daardeur nie diep getref!
Niks anders bring vir ons die heil nie -
ons wil ons hart tot U verhef.

# L 200:1 (vervolg)

Aan U alleen ons dank en ere -

U wat ons in u liefde lei.


U sal ons nooit vergeet nie, Here -

U wil ons in u waarheid lei.

# L 200:2

U is die Heer wat ons gemaak het,
voor U kom ons, u skepsels, staan;
U is die Heer wat steeds gewaak het,
deur wie ons gans en al bestaan.
U bring in ons gemoed die vrede,
U sterk ons gees met nuwe krag;
U gee u lig ook oor ons rede -
dis U van wie ons heil verwag.

# 2 Konings 17
# 1 - 23



1 In die twaalfde regeringsjaar van koning Agas van Juda het Hosea
seun van Ela koning geword en hy het nege jaar in Samaria oor Israel
geregeer. 2 Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here,
maar hy was nie so erg soos die konings van Israel voor hom nie. 3
Toe koning Salmaneser van Assirië teen hom opgeruk het, het hy
hom aan die koning van Assirië onderwerp en aan hom belasting
betaal. 4 Die koning van Assirië het uitgevind dat Hosea teen hom
saamsweer deurdat hy gesante na koning So van Egipte gestuur het
en nie die jaarlikse belasting aan die koning van Assirië betaal het
nie. Daarom het hy vir Hosea laat vang en hom in die tronk opgesluit,
5 die hele land binnegeval en opgeruk na Samaria toe wat hy drie
jaar lank beleër het. 6 In die negende regeringsjaar van Hosea het
die koning van Assirië Samaria ingeneem en het hy die Israeliete na

Assirië toe weggevoer. Sommige het hy in die stad Galag gevestig, ander aan die Gaborrivier in Gosan, en in die stede van Medië.

7 Dit het gebeur omdat die Israeliete gesondig het teen die Here hulle God wat hulle uit Egipte laat wegtrek het, onder die mag uit van die farao, koning van Egipte. Maar hulle het ander gode vereer
8 en geleef volgens die gebruike van die nasies wat deur die Here verdryf is om vir die Israeliete plek te maak, gebruike wat deur die konings van Israel nagevolg is. 9 Die Israeliete het die Here hulle God dinge toegedig wat nie waar is nie en toe vir hulle hoogtes gebou oral waar hulle gewoon het, van plekke af waar net 'n wagtoring was, tot in die vestingstede... 11 Met die verkeerde dinge wat hulle gedoen het, het hulle die Here uitgetart.

12 Hulle het die stinkende afgode gedien wat die Here hulle uitdruklik verbied het. 13 Die Here het Israel en Juda deur elke profeet en siener gewaarsku: “Bekeer julle van julle verkeerde paaie. Kom my gebooie en voorskrifte na volgens die hele wet wat Ek julle voorvaders beveel het, wat Ek deur my dienaars die profete aan julle gegee het.” 14 Maar hulle wou nie luister nie; hulle was net so hardkoppig soos hulle voorvaders wat ook nie op die Here hulle God vertrou het nie. 15 Hulle het sy voorskrifte en sy verbond verwerp wat Hy met hulle voorvaders gemaak het. Sy waarskuwings het hulle in die wind geslaan, hulle het agter afgode aangeloop wat niks is nie en so het hulle self niks geword. Hulle het geleef net soos die heidennasies om hulle, iets wat die Here hulle beveel het om nie te doen nie.

16 Al die gebooie van die Here hulle God het hulle links laat lê: *hulle het twee kalwerbeelde laat giet, 'n Asjerabeeld gemaak, voor elke hemelliggaam gebuig en vir Baäl gedien. 17 Die volk het hulle seuns en dogters as offers laat verbrand en hulleself besig gehou met waarsêery en toekomsvoorspelling.* Met volkome oorgawe het hulle gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here en Hom uitgetart. 18 Die Here het so toornig op Israel geword dat Hy hulle verwerp het. Net die stam Juda het oorgebly. 19 Maar ook Juda het die gebooie van die Here hulle God nie gehou nie: hulle het die praktyke van Israel nagevolg. 20 Daarom het die Here die hele nageslag van die aartsvader Israel verwerp. Die Here het hulle verdruk deur hulle oor te gee in die mag van plunderaars totdat Hy hulle finaal verwerp het.

21 Hy het Israel afgeskeur van die koningshuis van Dawid, sodat
hulle Jerobeam seun van Nebat koning gemaak het. Jerobeam het
Israel van die Here losgemaak en hulle tot vreeslike sondes verlei.
22 Die Israeliete het volhard in al die sondes wat Jerobeam gedoen
het; hulle het dit nie laat vaar nie. 23 Uiteindelik het die Here hulle
laat vaar soos Hy hulle deur al sy dienaars, die profete, gewaarsku
het. Hy het Israel uit sy land na Assirië toe laat wegvoer, waar hulle
vandag nog is.

# Hoe het ons hier gekom?





# Hoe het ons hier gekom?


Trinity
Wall
Church
street

Het die Here dan sy mag verloor?


# Hoe het ons hier gekom?

Het die Here ons vergeet?





# In ons teks…



Asia Minor
Caspian Sea
Haran
Nineveh
Euphrates
Assyria
Mari
Tigris
Media
Mediterranean Sea
Cuthah
Babylon
Samaria
Desert
Babylonia
Nippor
Jerusalem
Persia
Ur
Egypt
Captivity Routes

# Hoe het ons hier gekom?

- Koning van Assirië se skuld
- Ons koning se skuld
- *Wat het ons gedoen om dit te verdien?*




Soek nie meer sondebok –
gee eerder teologiese redes
Vat dit terug
na die verbond
Waar het als begin?


Vat ons terug
na die verbond
Waar het als begin?


Waar het dinge begin
uitmekaar val?


Hoe weet mens wanneer
’n verhouding op die rotse is?


"dinge toegedig"
Ander gode
"vending" masjien
Uiterlike
godsdienstig
Waar het dinge begin
uitmekaar val?

**Hulle wou die Naam van God dra en die voordele daarvan geniet, maar wou nie die beeld van God uitleef en verantwoordelikhede aanvaar nie**



"godsdienstig"
vs verhouding
Ingesuig in
denksisteem
Selfde
waardes
Selfde
gewoontes
Waar het dinge begin
uitmekaar val?


God het ons anders gemaak,
maar nou lyk (leef) ons dieselfde

**Ballingskap is nie ’n teken van God se onmag en perk van sy genade nie maar wil wys waar ontrouheid en verbreking van verhouding jou bring – by “ballingskap”**



# Hoe het ons hier gekom?

## Christus het sy lig gebring en ons kom haal



# Flam 121

1. Keuses, besluite, deure en spieëls.
Wetes, betwyfel, hoe bly ek heel?
Stilte en donker drome verdwaal
Ek kies die rigting en ek sal betaal

**Refrein:**

Leer my, help my

U weet die beste, Here

Wys my die pad wat ek moet loop

Lei my, stuur my

U sien die groter prentjie

Wys my die pad wat ek moet loop

2. Beelde, geluide net eggo's kom terug
Emosies of feite en ek draai my rug
Kers in die donker U het my kom haal
U ken die rigting en U het betaal

**Refrein:**

Leer my, help my

U weet die beste, Here

Wys my die pad wat ek moet loop

Lei my, stuur my

U sien die groter prentjie

Wys my die pad wat ek moet loop

Brug:
Hier voel ek veilig
U sorg vir my
U is my lewe, Here
Altyd by my

**Refrein:**

Leer my, help my
U weet die beste, Here
Wys my die pad wat ek moet loop
Lei my, stuur my
U sien die groter prentjie
Wys my die pad wat ek moet loop


Hoe het ons
hier gekom?
Christus het sy lig gebring
en ons kom haal


Dankoffers


Mag die Here ons God by ons wees
soos Hy by ons voorvaders was.
Mag Hy ons nooit verlaat
of laat vaar nie.
1 Konings 8:56-57